

Geloof gee perspektief – in lewe en dood (OP107)

Heb 11:20-31

6 November 2022

Ons is tans besig om aan die hand van Heb 11 'n studie te maak van geloof. Tot dusver het ons die volgende gesien: In verse 1-3 vind ons 'n funksionele definisie van geloof, m.a.w. wat die rol is wat geloof speel in die lewe van 'n gelowige. Vanaf vers 4 word insidente uit die lewens van verskeie Ou Testamentiese gelowiges aan ons voorgehou, waaruit ons kan leer hoe geloof die lewens van hierdie mense beïnvloed het. Ons het reeds na Abel, Henog en Noag gekyk. Uit hulle lewens was dit duidelik dat hulle aldie oortuig was God bestaan, hulle het naby God geleef, en hulle was oortuig dat hulle geloof hand aan hand loop met beloning. Hierdie beloning het ingehou dat hulle regverdig verklaar is, dat hulle die verwagting het dat die dood finaal oorwin sal word, en dat hulle gespaar sal word in God se komende oordeel. Laas keer het ons na die geloof van Abraham en Sara gekyk. Ons het gesien hulle geloof het kennis gehad as basis. Hierdie kennis was kennis van God se beloftes aan Abraham. Maar hulle het ook verstaan dat nie alles aan hulle geopenbaar is nie – veral nie presies hoe die pad sal loop tot die volle vervulling van God se beloftes nie. Hulle was egter bewus daarvan dat God se beloftes geleidelik vervul sal word. Hulle geloof was verder nie net kennis nie – hulle het ook vertrou. Dit het sigbaar geword op verskeie maniere: Hulle was gehoorsaam aan God se opdragte, hulle het volhard in die hulle geloofsvertroue, hulle het die gedeeltelike vervulling van God se beloftes hoog geag, hulle het steeds gehunker na die volle vervulling van God se beloftes, hulle het hierdie hunkering bely, en hulle het bly vertrou – selfs al is hulle geloof getoets. Dit alles was moontlik, want God was hulle God, soos Hy beloop het.

Vandag wil ek stilstaan by verse 20-31. In hierdie verse word na verskeie Ou Testamentiese gelowiges en gebeure verwys. Ek wil vooraf erkenning gee vir insigte van kommentatore soos Edgar Andrews, Stuart Olyott en Raymond Brown. Ek wil die bespreking van hierdie gelowiges onder die volgende twee hoofpunte bespreek: (1) Geloof gee perspektief aan gelowiges op hulle sterfbed, en (2) Geloof gee perspektief aan gelowiges tydens hulle lewens.

Geloof gee perspektief aan gelowiges op hulle sterfbed (Heb 11:20-22)

In verse 20-22 word na drie gelowiges verwys wat op sterwe is: Isak, Jakob en Josef.

Kom ons kyk eers na Isak. Lees vers 20. Ons ken die geskiedenis waarna verwys word. Jakob en Esau was natuurlik 'n tweeling – Esau is eerste gebore, en Jakob net daarna. Maar met hulle geboorte het God alreeds gesê dat die oudste (dus Esau) die jongste (dus Jakob) sal dien (Gen 25:23). Ons weet Esau het sy eersgeboortereg aan Jakob verkoop vir 'n pot lensiesop (Gen 25). In Gen 27 is Isak op sy sterfbed. Hy wil vir Esau, sy eersgeborene, seën. Maar Jakob, met die hulp van sy ma Rebekka, bedrieg vir Isak en Esau, en die gevolg is dat Isak vir Jakob seën in die plek van Esau. Die seën wat Jakob ontvang word vir ons in Gen 27:27-29 gegee, veral vers 29: “Wees 'n heerser oor jou broers, sodat die seuns van jou moeder diep voor jou sal buig”. Uit hierdie seën is dit duidelik dat Jakob die een is deur wie die nageslag van Abraham voortgesit sal word, en nie Esau nie. Uit Genesis is dit duidelik dat Esau Isak se geliefde kind was. As hy sy sin sou kry, moes Esau die een wees deur wie Abraham se nageslag voortgesit moes word. Maar God het alreeds met hulle geboorte aangekondig dit sou Jakob wees. Alhoewel Jakob op 'n slinkse manier die eersgeboortereg en ook die seën van die eersgeborene verkry het, moes Isak in die geloof aanvaar dit was God se wil, en daarom het hy nie die seën terug getrek nie. Die belangrike perspektief wat ons moet raaksien is dat toe Isak op sterwe was, het hy steeds vorentoe gekyk. Hy het steeds, soos Abraham, verlang om te sien dat die beloftes

aan Abraham oor sy nageslag, in vervulling moet gaan. Sy sterfbed het nie beteken dat hy nie meer gehunker het na die vervulling van God se beloftes nie.

In vers 21 lees ons van Jakob wat sterwend is. Soos Isak, kyk hy ook steeds in die geloof vorentoe na wat na sy dood gaan gebeur. Ons lees hier spesifiek dat Jakob Josef se seuns, d.w.s. sy eie kleinseuns, geseën het. Jakob se seuns was natuurlik Efraim en Manasse. Ons lees van hierdie gebeure in Gen 48. Lees Gen 48:5. Jakob sê dat Efraim en Manasse soos sy eie seuns sal wees – soos Ruben en Simeon. As jy deur die gedeelte lees, sien jy weer dat Efraim, wat die jonger seun was, geseën was bo Manasse – deurdát Isak sy hande oorkruis op die kinders se koppe geplaas het. Efraim se seën was dat hy groter sal wees as Manasse. Ons ken die geskiedenis. Dit het inderdaad so gebeur dat Efraim en Manasse se nageslag as twee volwaardige stamme in Israel erken was – soos die stamme Ruben en Simeon. Daar was natuurlik nie 'n Josefstam nie. Die feit dat beide Efraim en Manasse as stamme erken was, het dit moontlik gemaak dat die stam Levi afgesonder kon word om die priesters by te staan in hulle tabernakeldiens, terwyl daar steeds nog 12 stamme in Israel oor was. Later jare, na die skeuring van die ryk, word daar dikwels in die profesieë na die 10 stamme verwys as Efraim – Efraim was dus groter as Manasse. Dit alles het gevolg op Jakob se seën. Selfs op sy sterfbed was Jakob steeds besorgd oor die vervulling van God se beloftes.

Lees Heb 11:22. Hier is Josef aan die einde van sy lewe. Ons weet Josef het in Egipte gesterf. Maar ook hy kyk steeds vorentoe. Lees Gen 50:24-25. Alhoewel hy op sterwe is, praat hy steeds oor die feit dat God die volk uit Egipte sal laat trek na die land wat Hy aan Abraham, Isak en Jakob beloof het. Hy onthou steeds die belofte van God aan Abraham in Gen 15:13-14, dat hulle vir 400 jaar in Egipte sou bly, maar daarna sal hulle uittrek en teruggaan na die beloofde land toe. En wanneer daardie uittog plaasvind, wil Josef saamgaan – daarom dat hy hulle met 'n eed laat bevestig het hulle sal sy beendere saamneem. Uit Eks 13:19 weet ons Moses het inderdaad sy beendere saam geneem met die uittog, en in Jos 24:32 lees ons dat sy beendere in Sigeem begrawe is na die inname van die land.

Drie manne op hulle sterfbeddens, maar ook drie manne wat steeds vorentoe kyk. Drie manne wat verstaan die dood is nie die einde nie. Drie manne wat op hulle sterfbeddens steeds hunker na die vervulling van God se beloftes. Drie sterwende manne met 'n hoop op die vervulling van God se beloftes. Dit is wat geloof doen – dit gee perspektief oor die toekoms, selfs al is die dood voor die deur. Die dood van geen gelowige het nog ooit die vervulling van God se beloftes bedreig nie. Die dood van geen gelowige het ook nog ooit die deelname van daardie gelowige aan die vervulling van God se beloftes, bedreig nie – trouens, die dood bring hulle 'n treetjie nader daaraan.

Geloof gee perspektief aan gelowiges tydens hulle lewens (Heb 11:23-31)

Maar geloof gee nie net perspektief aan die gelowige aan die einde van sy lewe nie – dit gee ook perspektief deur die loop van sy lewe hier op aarde. In verse 23-31 word ons herinner aan verskeie insidente in die lewens van 'n hele aantal persone, en hoe geloof hulle optrede gerig het in hierdie insidente. Kom ons kyk kortliks na elkeen.

Lees Heb 11:23. Die eerste persone waarna verwys word, is Moses se ouers. Ons lees dat hulle Moses na sy geboorte vir drie maande weggesteek het omdat hulle gesien het dat hy mooi was. Dit verwys na die gebeure in Eks 2. Die volk was steeds in Egipte, en het so 'n groot volk geword dat die koning van Egipte opdrag gegee het dat al die Israelitiese seuntjies met geboorte doodgemaak moes word deur hulle in die Nylrivier te gooi. Moses se ouers het egter teen die bevel van die koning opgetree – omdat hulle gesien het “Moses was mooi”. Heelwaarskynlik moet ons baie meer hierin sien as net dat Moses 'n fisiese mooi babatjie was. In Hand 7:20 lees ons in Stefanus se toespraak

dat Moses uitsonderlik mooi was in God se oë. Ons kan dus aflei dat God reeds van die begin af 'n besondere doel met Moses gehad het – hy moes die volk uit Egipte lei – sodat God se belofte vervul sou word. Dit blyk sy ouers het alreeds iets hiervan verstaan met sy geboorte. Die gevolg was dat hulle teen die bevel van die koning opgetree het. Nou, dit is so dat as 'n reël moet ons as gelowiges onderdanig wees aan die owerhede wat God aangestel het (vgl Rom 13:1), maar wanneer die optrede van die regerings teen die vervulling van God se beloftes inwerk, moet ons aan God meer gehoorsaam wees as aan die owerheid. In elk geval, om 'n bevel te gee om voor die voet al die pasgebore seuntjies dood te maak, is definitief in stryd met God se wil – God het na die sondvloed juis aangedui dat ons as mense die verantwoordelikheid het om die lewens van ons naaste te beskerm. Die belangrike punt is dat Moses se ouers nie die bevel van die koning gevrees het nie, alhoewel dit sekerlik vir hulle gevaar ingehou het. Hulle was eerder gehoorsaam aan God se opdrag om lewe te spaar, en het so medewerkers geword aan die vervulling van God se beloftes, waarin Moses 'n groot rol sou speel. Dit was hulle geloof wat aan hulle hierdie perspektief gegee het, en wat tot gevolg gehad het dat hulle nie bang was om te doen wat hulle moes doen nie.

Lees Heb 11:24-26. Nou skuif die fokus na Moses self. Ons ken die geskiedenis hoe die dogter van Faraos Moses in die mandjie in die Nylrivier ontdek het, en hoe sy hom eventueel in die huis van Faraos ingeneem het waar hy grootgeword het. Menslik gesproke het Moses 'n blink toekoms gehad. Hy het sekerlik goeie formele onderrig ontvang, hy het sekerlik toegang gehad tot 'n oorvloed van materiële dinge, hy het waarskynlik selfs die kans gestaan om later die koning van Egipte te kon word! Maar Heb 11 leer ons dat Moses later geweier het om die dogter van Faraos genoem te word. Hy het besluit om sy rug op hierdie blink toekoms en die kortstondige genot van sonde te draai. In ruil daarvoor, het hy verkies om saam met die volk van God sleg behandel te word. Jy kan die detail van die gebeure in Eks 2 gaan lees. Kom ons lees wat Stefanus hieroor gesê het in Hand 7:23-30. Toe Moses 40 jaar oud was, het hy die begeerte ontwikkel om sy broers, die Israeliete, op te soek, en het hy hom oor hulle begin ontferm. Vers 25 sê hy het gedink hulle sou begryp dat God deur hom vir hulle redding sou bring. Op ouderdom 40 was Moses dus reeds bewus dat God hom op 'n besondere manier wou gebruik om die volk te verlos. Die volk het dit nog nie verstaan, maar Moses wel. A.g.v. die feit dat die Faraos Moses wou doodmaak omdat hy 'n Egiptenaar doodgeslaan het, moes Moses egter vlug. Hy het na Midian gevlug – waar hy 40 jaar moes wag, voor God Hom spesifiek geroep het vanuit die brandende bos. Hoor jy dit? Vir 40 jaar was Moses al bewus dat hierdie groot taak op hom wag, maar hy moes leer om geduldig te wag – om vir 40 jaar te wag totdat God hierdie roeping waarvan hy bewus was, bevestig het deur Hom uit die brandende bos te roep om dit te gaan vervul. Dit is verstommend.

Wat nog meer verstommend is, is Heb 11:26: “Hy het die smaad van Christus groter rykdom geag as die skatte van Egipte, want hy het uitgesien na die beloning”. Moses het die smaad van Christus as rykdom geag. Hoor jy dit? Moses, wat ongeveer 1400 vC geleef het, het die smaad van Christus geag. Hoe kon Moses Christus erken het solank voor Sy koms? Onthou, ons het al gekyk na Abraham wat die stad met fundamente waarvan God die argitek en boumeester is, verwag het (Heb 11:10). Onthou wat Jesus van Abraham gesê het in Joh 8:56: “Abraham, julle vader, het daarvoor gejubel dat hy die dag van my koms sou sien, en hy het dit gesien en was bly”. Abraham het dus al die koms van Christus gesien – die Een wat uit die nageslag van die vrou sou kom. Moses het dit ook verstaan – hy het selfs verstaan dat daardie Een die Een is wat ekwivalent is aan die ram wat in die plek van Isak geoffer is. Hy het verstaan daar kom 'n plaasvervangende Offer. Hy het dus verstaan die Verlosser, die Gesalfde, die Christus, sou kom – en Hy sou 'n groot prys betaal wanneer Hy kom, Hy sou baie smaad moes verduur. Maar Moses het verstaan dat hierdie smaad wat die Christus sou moes verduur, is baie meer kosbaar as die skatte van Egipte. Ons weet hoedat Moses 'n Ou Testamentiese tipe geword het van Christus. Soos Christus gesmaad is, is Moses ook gesmaad. Die Faraos het teen

hom gedraai, selfs die volk wat hy moes uitlei, het telkens teen hom gedraai. Dit het al begin voor die uittog tydens die 10 plae toe die volk hard moes werk, en het 'n klimaks bereik gedurende die 40 jaar in die woestyn. Maar Moses het nooit gehunker daarna om terug te gaan na Egipte nie – selfs nie as die volk dit wel gedoen het nie. Moses het onwrikbaar vasgehou aan sy roeping, selfs al moes hy die smaad wat daarmee saamgaan, verduur. Hoekom? Wat het hom gemotiveer om te volhard? Vers 26 sê hy het uitgesien na die beloning. Ja, die beloning was sekerlik die beloofde land. Maar as Abraham al verder gekyk het as die beloofde land na die stad met fundamente waarvan God die argitek en boumeester is, het Moses dit tog sekerlik ook gedoen. Moses was al oortuig van dit waarvoor Paulus later in Fil 3:7-11 sou skryf. Moses was bewus van sy roeping om 'n rol te speel in die uitwerk van God se beloftes. Hy het in die geloof 'n keuse gemaak: hierdie rol wat hy moet vervul is meer waardevol as die skatte van Egipte, want dit hou 'n waardevolle beloning in. Sy geloof het hom in wysheid die regte keuse laat maak, al was die prys hoog.

Lees Heb 11:27. Hier handel dit steeds oor Moses, en spesifiek die feit dat hy deur geloof Egipte verlaat het, sonder om bang te wees vir die vrees van die koning. Daar is verskillende opinies oor watter verlating van Egipte hier ter sprake is: is dit toe Moses op 40 jarige ouderdom Egipte verlaat het toe hy na Midian gevlug het, of is dit 'n verwysing na die uittog van die dolk na die 10 plae. Daar is argumente ten gunste van beide moontlikhede. Ek gaan nie in detail hierop in nie. Ek is van mening dit verwys na die uittog na die 10 plae – en die grootste motivering hiervoor is die feit dat hier spesifiek gesê word dat Moses Egipte verlaat het sonder om bang te wees vir die koning. Toe Moses destyds na Midian gevlug het, het hy juis gevlug omdat hy bang geword het toe dit rugbaar geword het dat hy 'n Egiptenaar vermoor het, en die Farao ook daarvan uitgevind het. Daarteenoor, met die uittog na die 10 plae was Moses nie bang vir die woede van die koning nie. Dink maar net hoeveel keer die Farao woedend was gedurende die 10 plae. Maar Moses het sy staan gestaan. Ja, dit is so, na die 10de plaag het die koning hulle beveel om te trek, maar onthou hoe gou die koning berou gehad het daarvoor en hulle agterna gesit het. Moses het egter t.p.v. die gereelde woede uitbarstings van die koning doelgerig volhard om sy taak uit te voer – en dit was om die volk uit Egipte te lei – en lyn met God se beloftes aan Abraham. Hoekom? Hoe kon Moses so doelgerig volhard? Deur sy geloof het hy volhard soos een wat Hom, die Onsienlike, sien. Hier het jy dit weer: Hy het 'n lang termyn visie gehad van die Een wat sou kom – die Een wat op daardie stadium onsienlik was. Maar dit is juis geloof wat hom die dinge laat sien wat andersins nie gesien kan word nie (Heb 11:1). Dit is juis sy geloof wat hom laat volhard het om dit te sien t.p.v. al die woede rondom hom. Onthou, dit is juis deur volharding in geloof dat gelowiges nie hulle vrymoedigheid prysgee om in die heiligdom te mag ingaan nie (Heb 10:35-36). Nie net het Moses se geloof in die Onsienlike hom die regte keuse laat maak nie, hy het volhard in die geloof in die uitleef van hierdie keuse.

Lees Heb 11:28. Hier lees ons dat Moses deur geloof die pasga ingestel het. Dit verwys na die gebeure in Eks 12. Dit was in opdrag van die Here dat Moses die pasga ingestel het. Elke huisgesin onder die volk moes 'n paaslam slag, en hulle moes van die bloed aan die deurkosyne smeer. Gedurende die 10de plaag het die doodsengel telkens by die huise waar daar bloed van die paaslam aan die deure gesmeer was, verbygegaan en nie die eersgeborene van daardie huis doodgemaak nie. So het al die eersgeborenes van die Egiptenaars gesterf, maar nie een van die eersgeborenes van die volk Israel nie. Maar nou sou ons vra: hoekom was dit nodig? God het tog sekerlik geweet in watter huis Israeliete gewoon het, en in watter huis Egiptenare. Ja, die Here het dit sekerlik geweet. Maar die pasga is ingestel ter wille van die volk. Hulle moes leer van die plaasvervangende Paaslam wat sou kom. Hulle moes leer dat Hy in die plek van hulle eersgeborenes sou sterf. Hulle moes dit voor hulle oë sien gebeur: Hulle slag die paaslam en smeer die bloed aan die deurkosyne – en hulle eersgeborenes lewe. Die Egiptenaars slag nie die paaslam nie en smeer nie die bloed aan die

deurkosyne nie – en hulle eersgeborenes sterf. Hierdie was 'n sigbare teken aan die volk waardeur hulle geloof versterk moes word. Ons weet die ware Paaslam het die nagmaal in die plek van die pasga ingestel op die vooraand van Sy plaasvervangende dood. Volgens 1 Kor 11:24-25 het Hy spesifiek gesê die doel hiermee is om ons, die gelowiges wat aan die nagmaal deelneem, te herinner aan Sy liggaam en bloed. Soos wat die bloed aan die deurkosyne 'n sigbare en tasbare teken was van die beskerming van die Paaslam teen die dood, so is die nagmaal 'n sigbare en tasbare teken om die gelowiges te herinner aan die beskerming van die ware Paaslam teen die ewige dood. Wat ons egter nie moet miskyk nie, is dat Heb 11:28 sê dat Moses in die geloof die pasga ingestel het. Verstaan jy hoe 'n geloofsaad dit vir Moses moes wees om die hele volk die pasga te laat vier? Sonder om te twyfel of God die bloed van die paaslam sou respekteer of nie – as God sê dat dit is hoe die geloof van die volk gebou moet word, dan aanvaar hy dit onvoorwaardelik.

Lees Heb 11:29. Hier lees ons dat die volk deur geloof deur die Rooisee getrek het, terwyl die Egiptenare dit ook probeer doen het, maar omdat hulle nie geloof gehad het nie, het hulle almal verdrink. Hierdie gebeure word vir ons in meer detail in Eks 14 beskryf. Lees Eks 14:10-12. Hier is dit duidelik die volk was bang toe hulle deur die Farao agternagesit is terwyl die Rooisee voor hulle lê. Lees nou ook Eks 14:13-14. Moses sê vir die volk hulle moet nie bang wees nie. Nee, hulle moet hulle vertrou, hulle geloof, in die Here stel, en dan moet hulle kyk na hoe die Here vir hulle verlossing bewerk. Hy sal vir hulle veg, en die gevolg sal wees dat hulle vyande vernietig sal word. Hulle hoef maar net te wag en te kyk na die verlossing wat God gaan bewerk. Ons weet dit is wat gebeur het: die Here het die see voor die Israeliete oopgeklou en hulle kon op droë grond deurtrek. Toe die Egiptenare ook wou deurtrek, het die Here die water laat terugstroom, en hulle het almal verdrink. Al wat die volk moes doen, was om te glo die Here sal verlos en in die geloof die Rooisee in te gaan. Verder kon hulle maar net stilbly en kyk hoe die Here die verlossing bring. Dit is iets wat ons as gelowiges ook moet leer: om ons oë oop te hou om te sien hoedat God op wonderbaarlike maniere verlossing bring vir Sy gelowige kinders, en stelselmatig besig is om hulle vyande te vernietig. Maar dan moet ons bereid wees om in die geloof in die opgedamde Rooisee in te gaan.

Lees Heb 11:30. Hier handel dit oor die inname van Jerigo, gebeure wat in Jos 6 beskryf word. Vir ses dae moes die volk elke dag eenmaal om Jerigo trek, maar op die sewende dag moes hulle sewe keer omtrek. Met die sewende keer het die mure van die stad wonderbaarlik inmekaar getuimel, en die volk kon met gemak die stad verower. Jerigo was natuurlik die eerste stad wat die volk in die beloofde land ingeneem het. Waar die Here met die wonderbaarlike verlossing by die Rooisee die volk finaal uit Egipte uitgelei het, het hulle nou by die beloofde land aangekom, en lei die Here hulle ook op 'n wonderbaarlike manier in die beloofde land in. Die verlossing van die volk behels beide die uitlei uit Egipte, asook die inlei in die beloofde land in. Die verlossing van die gelowige behels enersyds die uitlei uit die slawehuis van Egipte, die aflê van sonde, die aflê van die ou mens, en andersyds ook die inlei in 'n heilige lewe, die inlei na volmaaktheid sonder vlek of rimpel, die opneem van die nuwe mens. Ons moet die slegte aflê en ons moet die goeie opneem. Maar in die geloof bewerk die Here beide vir ons. Ja, ons trek in die geloof die Rooisee in, ja, ons trek in die geloof sewe dae lank om Jerigo. Maar dit is die Here wat ons vyande vernietig in die Rooi See, en wat ons die beloofde land laat inneem by Jerigo. Ons moet ons geloofsoë maar net oophou vir beide die kere waar die Here ons uitlei en die kere waar Hy ons inlei. En ons moet deur hierdie werk van die Here versterk word in ons geloof.

Lees Heb 11:31. Hierdie vers verwys na die bekende gebeure in Jos 2, toe Ragab, die prostituut, die verkenners wat Josua uitgestuur het om die beloofde land en Jerigo te gaan verken, weggesteek het. Aan haar is belowe dat haar lewe gespaar sal word indien sy die tou, waarmee sy die verkenners oor die muur laat afsak het, uit haar venster sou laat hang toe die volk Jerigo ingeneem het. Jos 6:25

vertel dat haar lewe inderdaad gespaar is, en dat sy permanent onder die volk Israel bly woon het. Wat Heb 11:31 ons leer is dat sy in die geloof gehandel het. Dit was haar geloof wat haar gered het. Sy was 'n Kanaäniet, en boonop 'n prostituut. Maar iewers het die Here haar gekonfronteer, en die gevolg was dat sy tot geloof gekom het. Haar geloof het haar gedring om ten gunste van die Here en Sy volk op te tree – ondanks haar vreemde herkoms en sondige lewe. Geloof, en daarmee saam ook die beloning om in die heerlijkheid van God te mag ingaan, is inderdaad beskikbaar vir mense van alle agtergronde en herkomste. Dit is geloof wat die verskil maak, nie herkoms of vorige sondes nie.

Samevatting

Kom ons staan terug, en probeer saamvat wat ons nou geleer het oor geloof.

- Uit die voorbeeld van Moses se ouers het ons geleer gelowiges het ruggraat. Hulle is nie bang nie – selfs nie vir owerhede nie. In die geloof maak hulle 'n besluit oor watter optrede in elke situasie die regte optrede is om die doel waarheen God besig is om te werk, te bevorder, en hulle tree dan daarvolgens op sonder om mense te vrees.
- Uit die voorbeeld van Moses het ons geleer gelowiges moet keuses maak in die lewe. Elke gelowige het 'n rol om te vervul wat bydra tot die bereiking van God se einddoel. Die keuse wat gelowiges maak, kan verreikende gevolge hê: hulle moet die genot wat hierdie lewe bied, prysgee. Hulle moet ook leer om geduldig te wag om die rol te vervul waarvoor God hulle geroep het. Moses moes 40 jaar wag. Gelowiges moet dus behoorlik besin oor hulle keuses en die implikasies daarvan.
- Ons het ook uit die voorbeeld van Moses geleer al is daar terugslae, volhard gelowiges in die geloof. Die teenstand wat hulle beleef kan uit die wêreld kom – soos Moses van die koning beleef het, maar dit kan ook selfs uit die geledere van gelowiges kom – die volk het ook in opstand gekom teen Moses. Gelowiges verduur dit egter alles, want hulle ag die smaad van Christus wat hulle moet verduur, as van groter waarde as die genot van sonde. Hulle het daardie beloning wat wag, in gedagte – om met vrymoedigheid in die heiligdom te mag ingaan.
- Uit die voorbeeld van die pasga het ons geleer dat die Here sekere genademiddels gee wat gelowiges moet gebruik om hulle geloof te versterk. Wanneer hulle dit gebruik mag hulle op 'n sigbare en tasbare manier herinner word aan die inhoud van hulle geloof. Dit sluit die sakramente in – beide die nagmaal en ook die doop. Maar daar is meer genademiddels as net die sakramente: daar is ander genademiddels soos gebed, die prediking van God se Woord en die gemeenskap van gelowiges. Gelowiges moet dit gebruik.
- Uit die voorbeelde van die volk se verlossing by die Rooisee en die inname van Jerigo in die beloofde land, het ons geleer dat gelowiges in die geloof hulle oë moet oophou om te sien hoe die Here besig is om gelowiges enersyds uit sonde uit te lei terwyl hulle vyande vernietig word, en andersyds hoe hulle as deel van God se volk groei. Dit mag groei in terme van getalle wees, maar ook in terme van groei in hulle geloofsvertroue in die Here. Dit kan op 'n persoonlike vlak wees as hulle geleidelik vorder in hulle stryd teen sonde en groei in persoonlike heiligmaking. Maar dit kan ook wees as hulle beleef hoe daar groei is in hulle gemeente of in hulle aksies om die evangelie uit te dra. Die punt is gelowiges is voortdurend op die uitkyk na vordering in God se handelinge om Sy raadsplan uit te voer, en Sy beloftes te vervul.
- Uit die voorbeeld van Ragab het ons geleer persone van enige herkoms en agtergrond kan deel word van God se gemeenskap van gelowiges. Al wat hulle moet doen is om te glo. Dit word soveel te meer duidelik in die Nuwe Testament as Jesus die dissipels

uitstuur na Judea, Samaria en tot aan die uiteindes van die aarde, as hulle moet gaan na alle volke, stamme, tale en nasies.

- Uit die voorbeelde van Isak, Jakob en Josef het ons geleer dat gelowiges selfs op hulle sterfbed steeds vooruit kyk, omdat hulle weet die dood is nie die einde nie. Hulle weet God se beloftes sal volledig in vervulling gaan, selfs na hulle dood sal God se werk hier op aarde voortgesit word. Boonop het hulle die verwagting om saam met al hulle medegelowiges wel die beloning te ontvang, deurdat hulle ook in die heiligdom sal ingaan.

Geloof gee aan gelowiges perspektief. Hulle het in hierdie lewe reeds perspektief. Hulle is nie bang om op te staan vir wat reg is nie. Hulle neem besluite in hulle lewens wat in lyn is met die vervulling van God se beloftes. Hulle volhard in die uitleef van hulle geloof t.p.v. weerstand uit die wêreld, en selfs ook t.p.v. weerstand uit die geledere van gelowiges. Hulle deel eerder in die smaad van Christus as in die kortstondige genot van sonde. Hulle gebruik God se genademiddels, en so hou hulle die Onsienlike in die oog. Hulle hou hulle oë oop om te sien hoedat God vorder in die vervulling van Sy beloftes. Hulle reik uit na mense uit 'n verskeidenheid van herkomste en agtergronde om ook tot geloof te kom. En, wanneer hulle op hulle sterfbeddens lê, het hulle steeds perspektief – want hulle sien uit na die beloning – om met vrymoedigheid in die heiligdom te mag ingaan. Gee jou geloof aan jou hierdie perspektief?